*South African Journal of Education*
Copyright © 2003 EASA
Vol 23(2) 113 – 121

# Misdaad in die Suid-Afrikaanse onderwys soos weerspieël in die gedrukte media

**Corene de Wet**
Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300 Suid-Afrika
dewetnc@hum.uovs.ac.za

**Crime in South African education as reflected in the printed media.** The printed media have taken upon themselves the role of watchdogs and guardians. Consequently they report on events that in their opinion either threaten the general welfare of the public at large or are of importance to the community. The public's interest in crime has resulted in the media reporting extensively on crime. The purpose of this article is to look at conventional crime in South African education through the eyes of the media. From the study it appeared that learners and educators are/were not only the victims, but also the perpetrators of violent crime such as murder, kidnapping, rape and assault. Learners and educators are often guilty of, but also exposed to, property crimes such as burglary and theft. In addition school property is often the target of arsonists and vandals. On the basis of media reports, the conclusion is reached that a culture of crime and violence prevails in South African education.

## Inleiding

Die gedrukte media het hulleself die rol van waghonde en toesighouers toegeëien en rapporteer gevolglik gebeure wat volgens húlle oordeel óf die algemene welstand van die breë publiek bedreig óf vir die gemeenskap van belang is (Strelitz & Steenveld, 1998:100-110; Wanta & Mahmoud, 1991:47-49).

Uit voorleggings aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAHRC, 1999:13-18), asook verbandhoudende navorsing (kyk o.a. Newton, 1989:4; Oosthuizen, 1982:47) blyk dit dat die invloed van die media in die vestiging van persepsies en as inligtingsbron nie onderskat moet word nie, veral as in ag geneem word dat navorsing wat in November 1999 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem is, toon dat 66% van die Suid-Afrikaanse bevolking die media vertrou (Steek, 2000:4).

Die meerderheid mediaberigte word vanuit 'n spesifieke politieke en/of ekonomiese verwysingsraamwerk en/of geloofsoortuiging geskryf (Hartley, 1985:8; Merrill, 1984:82), tog word dit algemeen aanvaar dat geen redakteur met opset 'n berig wat valse inligting bevat die wêreld sal instuur nie (MacLean, 1988:167). Beeld (1998:10) skryf dat dit "die media se taak is om onverskrokke, eerlik en akkuraat oor alle nuus te berig".

Hoewel daar kriteria in die literatuur bestaan oor wat nuuswaardig is (o.a. tydigheid, bereikbaarheid van die toneel, belangrike persone, konfliksituasie en menslikheidsaspek) (Froneman, 1997:10), is daar verskillende sieninge oor wat nuus is (Froneman, 1997:11; McQuil, 1987:204-205). Vir Froneman (1997:11) behoort nuus nie net 'n weerspieëling van gebeure in 'n gemeenskap te wees nie, maar moet dit ook dié gemeenskap se probleme en belangstellings reflekteer. Een van hierdie probleme en belangstellings is misdaad. Die breë publiek het 'n intense belangstelling in misdaad. In 1916[1] skryf Bonger (1999: 41) dat die media ter wille van "the morbid curiosity of the public relate all great crimes in extenso". Byna 'n eeu later word dié siening nog steeds gehuldig (kyk o.a. Greek, 2001:1-3; Oosthuizen, 1994:81). Muller (1990:229) skryf:

> Koerante sonder lesers is gedoem. Daarom is dit 'n koerant se eerste plig om die belangstelling van sy lesers te probeer behou. Dit beteken dat leservoorkeure ook deeglik in ag geneem moet word.

Een van hierdie leservoorkeure is, soos reeds gemeld, misdaad. 'n Suid-Afrikaanse samelewingsverbande waarin misdaad volgens navorsers (kyk o.a. Stevens, Wyngaard & Van Niekerk, 2001:145-147; Pillay, 2000:72; Van den Aardweg, 1987:223-230), asook die Minister van Onderwys (Asmal, 1999:3) hoogty vier, is die onderwys.

In 'n berig oor die omvang van seksuele misdade in Vrystaatse skole insinueer De Klerk (2001:1) dat dit die taak van die media is om misdaad in skole aan die kaak te stel, want

> navorsing het getoon dat skole ... eerder 'n skandaal van seksuele molestering sal toesmeer en die leerlinge sal vra om daaroor stil te bly as om die daad in die ope te bring, die onderwyser te skors en die leerling sielkundig te behandel.

In aansluiting hierby verwoord die Volksblad (2000:6) dié koerant se belangstelling met betrekking tot onderwysaangeleenthede as volg:

> 'n Ingeligte publiek is beter in staat om verantwoordelike besluite oor húl bydrae tot die onderwys te kan neem.

Uit voorafgaande twee aanhalings wil voorkom asof nie sirkulasiesyfers nie, maar 'n strewe na die daarstelling van 'n ingeligte leserspubliek, die rede vir die media se belangstelling in misdaad in die onderwys is. Tsoudis (2001:15-16) en Dohrn (1997:45) waarsku egter dat die media se negatiewe stereotipering van jeugdiges, asook die oorbeklemtoning van sekere tipes misdade tot 'n waningeligte leserpubliek en 'n skeefgetrekte werklikheid kan lei. Teen die agtergrond van voorafgaande probleemstelling is die doel van die artikel om deur middel van 'n kwalitatiewe inhoudanalise die volgende probeemvraag te probeer beantwoord: Wat is volgens die gedrukte media die aard en omvang van misdaad in die Suid-Afrikaanse onderwys?

## Misdaadtipologie

Die vraag "wat is misdaad?" is moeilik om te beantwoord. Kriminoloë gebruik óf regs- óf sosiologiese definisies as vertrekpunt vir hulle studies. Voorts blyk dit dat kriminoloë wat vanuit 'n sosiologiese verwysingsraamwerk werk, nie eensgesind is oor wat die sosiologiese kenmerke van misdaad is nie (Beirne & Messerschmidt, 1991:9-27). 'n Regsdefinisie sal as vertrekpunt vir hierdie artikel dien:

> A crime or a public offence is an act committed or omitted in violation of a law forbidding or commanding it, and to which is annexed, upon conviction, either, or a combination of ... punishments (Black, 1979:334).

Daar bestaan verskeie misdaadtipologieë (kyk o.a. Allen, 1997:12-13; Beirne & Messerschmidt, 1991:130-143; 239-280; Gottfredson & Hirschi, 1991:25-44; Conklin, 1989:35). Geen een van die tipologieë is allesomvattend of geskik vir alle misdaadontledings nie vanweë die groot verskeidenheid misdade en die voortdurend veranderde misdaadtoneel as gevolg van onder andere tegnologiese ontwikkeling en politieke veranderinge. Vir die doel van hierdie artikel is 'n kombinasie en aanpassing van genoemde tipologieë, wat die unieke aard van die Suid-Afrikaanse onderwystoneel verreken, gebruik. Die tipologie tref 'n onderskeid tussen vier hoofmisdaadgroepe:

- Konvensionele misdade: geweldsmisdade (moord, verkragting, roof, aanranding en ontvoerings) en eiendomsmisdade (inbraak met die opset om 'n misdaad te pleeg, diefstal, motordiefstal, verduistering, brandstigting en vandalisme).
- Witboordjiemisdade: beroepsmisdade (diefstal by die werkplek en bedrog deur werknemers).
- Misdade sonder slagoffers: dwelms, alkohol, dobbel, prostitusie en pornografie.
- Misdade teen die waardigheid en goeie naam van die persoon (rassisme).

Geen tipologie is sonder probleme nie. Selfs die eenvoudige verdeling van konvensionele misdade as geweld- én eiendomsmisdade lewer

1 Oorspronklike artikel in 'n versamelwerk onder redaksie van Muncie, McLaughlin en Langan (1999) opgeneem.

probleme op. Inbraak is byvoorbeeld die diefstal van eiendom van 'n persoon met geweld of die dreigement van geweld — dit is dus 'n geweld- en eiendomsmisdaad. Voorts kan een misdaad tot die oortreding van verskeie wette lei. Na 'n verkragting kan die slagoffer se motor byvoorbeeld gesteel word (Conklin, 1989:35).

## Navorsingsmetodologie

Uit rekenaarsoektogte wat gedurende Maart 2002 by SAMedia (http://www.samedia.uovs.ac.za) geloods is, het sleutelwoorde wat betrekking het op misdade (bv. moord, verkragting, seksmisdaad, vandalisme, geweldpleging), gekombineer met die kategorie onderwys gelei tot die identifikasie van meer as 6000 koerantberigte wat gedurende die periode Januarie 1997[2] tot Februarie 2002 in Suid-Afrika gepubliseer is en waarin oor hierdie aangeleenthede berig is. Daar word dus omvattend in die gedrukte media oor misdaad in die onderwys gerapporteer. Weens die groot getal mediaberigte oor misdaad in die onderwys is slegs 'n seleksie van dié berigte bestudeer. Die seleksie is deur die misdaadtipologie bepaal. Aandag is slegs gegee aan berigte wat oor konvensionele misdade handel. By die seleksie van berigte het Snyman (1999) se strafregtelike definisies as klassifikasiekriteria gedien (kyk Wimmer & Dominick, 1994:181 en Altheide, 1996:29 vir die noodsaaklikheid van geldige definisies in die bepaling van die betroubaarheid en geldigheid van inhoudanalise). Voorts is hoofsaaklik na die mees treffende berigte gelet. Om herhaling te voorkom is slegs na enkele berigte oor en voorbeelde van 'n spesifieke misdaad (bv. verkragting) gekyk. Geen aandag is aan redaksionele kommentaar geskenk nie, omdat dié kommentaar juis 'n koerant se onderliggende beleid weergee (Fowler, 1991:208, 221). Daarteenoor behoort nuusberigte betroubare, onverdraaide, akkurate en onbevooroordeelde nuus te bevat (Froneman, 1997:6-7). Artikels wat gepubliseer was in 25 van die ongeveer 35 plaaslike en nasionale dag- en weekblaaie is onder oë geneem (http://www.samedia.uovs.ac.za/Pubs.htm). Ten spyte van die relatiewe groot aantal berigte en koerante wat vir die doel van die artikel onder oë geneem is asook die gebruik van klassifikasiekriteria, kan die algemeen geldigheid en betroubaarheid van die artikel moontlik bevraagteken word. Hisa (1988:318) se opmerking moet dus nie uit die oog verloor word nie:

> When content analysts are free to choose the content, we may fault them for their biases; when they use random selection procedure, we may blame them for missing something important.

Ter bereiking van die gestelde doelwit is van kwalitatiewe inhoudanalise gebruik gemaak. Deur kwalitatiewe inhoudanalise word gewoonlik gepoog om deur kritiese analise antwoorde op vooropgestelde probleemvrae te verkry (vir besprekings van kwalitatiewe inhoudanalise metodologie kyk o.a. Wimmer & Dominick, 1994:111-132; Altheide, 1996:14-33; Berger, 1991:31-35; Hsia, 1988:283-290).

As gevolg van die omvang van misdade waarby onderwysbelanghebbendes as beweerde oortreders en slagoffers betrokke is/was, word daar in hierdie artikel slegs na konvensionele misdade gekyk. Die media se weerspieëling van misdade teen die waardigheid en goeie naam van die persoon is reeds deur De Wet, Brazelle, Heyns, Masitsa, Niemann, Niemann en Van Staden (2001:10-17) aangespreek. Die omvang van mediaberiggewing oor slagofferlose en witboordjiemisdade is van so 'n aard dat dit selfstandige artikels regverdig.

Hoewel daar in hierdie artikel nie oor koerantberigte oor opvoeders en leerders wat in hulle privaat hoedanigheid misdade gepleeg het, gerapporteer word nie (kyk bv. Beeld, 2000:4; De Klerk, 1997:1), moet dit nie uit die oog verloor word dat hierdie misdade 'n invloed op die persone se professionele lewens het en onderrig en leer negatief kan beïnvloed.

## Konvensionele misdade

### Geweldsmisdade

#### *Moord*

Snyman (1999:435) definieer moord as "die wederregtelike en opsetlike veroorsaking van die dood van 'n ander mens". In die regspraak word daar 'n onderskeid tussen moord, manslag en strafbare manslag gemaak (Snyman, 1999:435-440; Glick, 1995:225). Gottfredson en Hirschi (1991:32) tref ook 'n onderskeid tussen moorde waarby die oortreder en slagoffer aan mekaar bekend was en felonie-moorde. In laasgenoemde geval word die slagoffer gedood in die uitvoering van 'n verkragting, roof of inbraak.

Ten spyte van 'n polisiewoordvoerder (soos aangehaal in Sowetan Sunday World, 2001:4) se siening dat die doodmaak van leerders deur medeleerders nie 'n algemene verskynsel is nie, blyk dit uit koerantberigte (Eastern Province Herald, 2001a:2 en 2001b:2; Mkhwanazi, 2000:1; Sowetan Sunday World, 2001:4; Mothibeli, 1999:1; Mkhwanazi, 1997:4) dat leerders deur skoolmaats, leerders van buurskole asook onbekendes tydens en na skoolure op skoolterreine doodgeskiet word. Messe is 'n gewilde moordwapen in leerder-op-leerder moorde. In verskeie koerante (De Nysschen, 2002:9; Ndiyane, 2001:3; Cembi, 2000:1 en 2000b:9; Pelser, 2000:15; Natal Witness, 1999:3; Stuart, 1999:1; Peters, 1999:1; Van der Westhuizen, 1998:4) is berig oor leerders wat medeleerders op óf skoolterreine óf in koshuise doodgesteek het. Die jongste van hierdie slagoffers was 13; die jongste messteker was 12. Die motief vir die moorde het gewissel van 'n gestryery oor 'n bofbalkolf, 'n sigaret en die diefstal van handboeke. 'n Vyftienjarige seun het aan inwendige beserings, wat hy in 'n vuisgeveg met medeleerder opgedoen het, beswyk (Van der Westhuizen, 1998:4).

Leerders vermoor nie net mekaar nie, maar ook hulle opvoeders. 'n Wiskunde-opvoeder is byvoorbeeld deur twee van sy graad 10-leerders met 'n hamer doodgeslaan (Natal Witness, 2000:3). In Soweto is twee opvoeders koelbloedig deur leerders doodgeskiet (Rantao, 1999:8).

Nie net leerders nie, maar ook opvoeders pleeg moord. In Soweto het 'n opvoeder skynbaar drie van sy kollegas doodgeskiet (Mothibeli, 1999:1). 'n Veertigjarige opvoeder het na bewering die 11- en 9-jarige broer en suster van een van sy leerders, 'n 18-jarige met wie hy 'n verhouding gehad het, doodgeskiet (Ledwaba, 1999:1).

Na die moord op 'n Mpumalangse skoolhoof tydens skoolure, het die provinsiale Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys aan 'n verslaggewer van die Natal Witness (2001:3) gesê: "People were recently seen entering the school premises with guns, apparently looking for teachers". 'n Lenasia-opvoeder is byvoorbeeld voor haar graad 1-leerders doodgeskiet (Stuart, 1999:1). In Mondeor het gewapende mans 'n klaskamer binnegestorm en "pumped bullets into teacher Nandi Mhlongo in front of her young learners" (Mothibeli, 1999: 1). Drie mans, insluitend 'n kollega, is in verband met dié moord in hegtenis geneem (Sowetan, 1999:3). Binne die bestek van 'n maand het liefdesdriehoekmoorde by twee skole in KwaZulu-Natal plaasgevind (Grey, 2000:4).

Nie alle moordpogings was suksesvol nie. Uit koerantberigte blyk dit dat leerders en opvoeders van poging tot moord op medeleerders en kollegas aangekla is (Afrikaner, 2001:12; Matyu, 2001:9; Meyer, 2001:7; Pather, 2001a:9; Somniso, 2001:3). 'n Komplot in Gauteng is tydig oopgevlek: drie leerders is deur ses opvoeders gehuur om hulle skoolhoof te vermoor (Ncaca, 1999:1).

Nie alle skietvoorvalle is kwaadwillig nie. Verskeie koerante (Stuart, 1999:1; Beaver, 1997:20; Citizen, 1997a:3) berig oor sterftes as gevolg van skietongelukke op skoolterreine.

Skietvoorvalle waarby opvoeders en leerders betrokke was, het nie altyd met skoolaangeleenthede te doen gehad nie. Sekondêre skoolleerders van Deneysville het byvoorbeeld na die plaaslike primêre skool opgeruk om protes teen die afsnyding van die swart woonbuurt se watertoevoer aan te teken. Een van dié skool se opvoeders, wat ook die burgemeester was, het met die aankoms van die optoggangers 'n rewolwer uitgeruk en 'n sekondêreskoolleerder doodgeskiet (Nxusani, 1998:6). 'n Senior onderwysamptenaar en besigheidsman van Noordwes het 'n 14-jarige skoolkind wat na bewering by eersgenoemde se besigheid ingebreek het, vol petrol gegooi en aan die brand gesteek. Die seun het doodgebrand (Kotlolo, 2000:2).

Opvoeders en leerders was dus in hulle privaat en professionele hoedanighede as slagoffers en aggressors by moorde of pogings tot moord betrokke.

2 Berigte wat sedert Januarie 1997 in Suid-Afrikaanse dag- en weekblaaie asook Sondagkoerante verskyn het, is vir geregistreerde SAMedia-gebruikers via die Internet beskikbaar (http://www.samedia.uovs.ac.za).

*Ontvoering/Menseroof*

Ontvoering/menseroof is die wederregtelike, opsetlike ontneming van 'n persoon se vryheid van beweging en/of indien so 'n persoon 'n kind is, die wederregtelike, opsetlike ontneming van 'n ouer se beheer oor die kind (Snyman, 1999:476). Koerantberigte waarin daar oor die ontvoering van leerders gerapporteer word, handel hoofsaaklik oor die ontvoering van seuns wat inisiasieskole bywoon (kyk o.a. Khupiso, 2000:2; Kotlolo, 1999a:3; Smith, 1999a:4; Peete, 1998:4). Skole ondervind skynbaar las van volwassenes wat poog om leerders na hulle voertuie te lok (Die Burger, 1999:9; Bradley, 1998:2; Cruywagen, 1997:6). Potensiële ontvoerders betree ook skoolterreine op soek na moontlike slagoffers (Pieters, 1999:3; Bradley, 1998:2). Terwyl daar in voorafgaande voorbeelde nie 'n opvoedkundige verband tussen die slagoffer(s) en oortreder(s) was nie, het dit al gebeur dat leerders tydens skoolopstande hulle skoolhoof ontvoer het (Citizen, 2000:8). Dit gebeur skynbaar ook dat opvoeders van hulle leerders ontvoer (Sefara, 2002:2). Leerders het ook al medeleerders ontvoer — vier Vrystaatse skoolseuns wat drie dogters in die middernagtelike ure by 'n koshuis opgelaai het, is van menseroof aangekla (Kok, 2001:2). Uit die volgende afdeling sal dit blyk dat die vrees dat ontvoeringslagoffers die prooi van seksuele oortreders kan word (Bradley, 1998:2), geregverdig is.

*Verkragting en seksuele misdade teen kinders/opvoeders*

Die Wet op Seksuele Misdrywe (23 van 1957) identifiseer verskeie strafwaardige misdade met betrekking tot geslagsgemeenskap of seksueel onbehoorlike dade. Artikel 14(1) bepaal dat enige manspersoon 'n misdryf pleeg indien hy (a) ontug met 'n meisie onder die ouderdom van sestien jaar pleeg of probeer pleeg; of (b) 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n meisie of met 'n seun onder die ouderdom van negentien jaar pleeg of probeer pleeg; of (c) so 'n meisie of seun uitlok of aanlok om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg. Toestemming deur die meisie of seun is nie 'n verweer nie. Indien 'n persoon gemeenskap met 'n meisie onder die ouderdom van twaalf het, is hy, benewens die oortreding van artikel 14(1)(a), ook skuldig aan verkragting (Snyman, 1999:463; South African Law Commission, 1997:10). Verkragting is wederregtelike en opsetlike geslagsverkeer met 'n persoon sonder die persoon se toestemming (Snyman, 1999:459; Glick, 1995:204).

Volgens Rantao (1999:8) is die verkragting van leerders feitlik 'n daagliks verskynsel in Suid-Afrikaanse skole. Die geskatte verkragtingsratio by sekere Oos-Kaapse skole is vyf leerders per opvoeder per maand (Mkokeli, 2001:2). Die opskrif van een van die volledigste koerantberigte oor die onderwerp lui "Our teachers raped us" (Hans & Lubisi, 2001:1). In dié berig (Hans & Lubisi, 2001:1) word die volgende onder meer vermeld: dogters so jonk as sewe jaar word deur van hulle opvoeders verkrag, baie van die dogters raak swanger en word ook met die MIV-virus besmet. 'n Enkele opvoeder het sewe dogters tussen die ouderdomme van sewe en elf by herhaling verkrag. 'n Skoolhoof het 'n 13-jarige skooldogter op sy kantoorvloer verkrag. Twintig dogters van 'n skool in Port Elizabeth is waarskynlik met MIV besmet nadat hulle deur een van hulle opvoeders verkrag is (kyk Impak, 2002:1; Eastern Province Herald, 2001b:2; Ngobeni, 2001a:20; Thambisa, 2001a:2; Letsoalo 1999:5; Smith, 1999b:7; Momberg, 1998:8 vir nog berigte oor die verkragting van leerders deur opvoeders). In die KwaZulu-Natalse Wetgewer is kritiek uitgespreek teen opvoeders "who saw their schools as brothels" (Khumalo & Meyer, 2000:3). Volgens Joubert (2002:1) is daar opvoeders wat leerders as "seksslawe" aanhou. Manlike opvoeders pleeg nie net met dogters nie, maar ook met seuns seksuele misdade (Mokoena, 2001:4; Van Niekerk, 2001:2; Deysel, 1998:6). Van die slagoffers is baie jonk: 'n opvoeder is byvoorbeeld daarvan aangekla dat hy "indecent or obscene acts" met twee seuns, 11 en 12 jaar onderskeidelik, gepleeg het (Whitlock, 1998:1). Dié oortredings vind by herhaling plaas: 'n adjunkhoof van Randburg is van 22 dade van seksuele misbruik teen nege van sy leerders aangekla (Abarder, 1998:3). Vroulike opvoeders is nie vry te spreek van seksuele misdrywe nie. Vyf vroulike opvoeders is ontslaan nadat hulle aan wangedrag skuldig bevind is omdat hulle 16 primêre skoolleerders gedwing het om seksuele dade te simuleer (Kotlolo, 1999b:1). Nie net opvoeders nie, maar ook ondersteuningspersoneel en kleuterskooleienaars maak hulle skuldig aan die seksuele misbruik van kinders. 'n Kinderoppasser werksaam by 'n creché het glo as koppelaar vir haar man opgetree. Hy het ten minste elf drie- en vierjarige kinders seksueel misbruik. In dieselfde berig (Altenroxel, 2001:1) word verwys na 'n kleuterskooleienaar wat onwelvoeglike dade met ten minste sewe van sy skool se kleuters gepleeg het.

Opvoeders se verhoudings met kollegas staan ook in die spervuur. 'n Vrystaatse opvoeder is daarvan aangekla dat hy een van sy skool se vroulike opvoeders "onsedelik aangerand" het (Van Wyk, 1997a:2).

Nie net persone verbonde aan skole nie, maar ook buitestanders sien skole as sagte teikens om verkragtingslagoffers te kry. 'n Negejarige Pretoriase meisie is glo onsedelik aangerand nadat 'n man haar van die skoolterrein af ontvoer het (Pieters, 1999a:3). 'n Sesjarige dogter is tydens skoolure deur 'n vreemdeling in die skool se toilette verkrag (Swanepoel, 1999:4). Leerders verbonde aan 'n skool in Mangaung, wat geen omheining het nie, is besonder kwesbaar: "Rapes take place in the classrooms, and the girls are afraid to speak out" (Duma, 1999:17).

Dit is egter nie net volwassenes wat skuldig is aan seksuele vergrype nie. Leerders verkrag medeleerders, nie net tydens en na afloop van matriekafskeidfunksies of skooluitstappies nie, maar ook gedurende skoolure op die skoolterrein (Impak, 2002:1; Smith, 2001a:1; Eastern Province Herald, 1999a:5; Sunday Times, 1999:4; Momberg, 1998:8). 'n Dertienjarige skooldogter wat deur "'n bende skoolmaats" verkrag is, sê (aangehaal deur Thambisa, 2001b:2) dit is baie traumaties "om in die klas te sit langs iemand wat jou verkrag het". Nie net hetero- nie, maar ook homoseksuele leerder-op-leerder verkragtings vind plaas (Gillham, 1999:1). Terwyl Impak (2002:1) slegs insinueer dat opvoeders soms seksueel deur leerders geteister word, berig Van Niekerk (1999:2) oor 'n 16-jarige leerder wat sy koshuismatrone verkrag het.

Laastens kan daarop gewys word dat langtermyn seksuele verhoudings tussen opvoeders en (minderjarige) leerders nie 'n vreemde verskynsel is nie. Hierdie verhoudinge word, soos uit die volgende twee berigte sal blyk, met die goedkeuring van die leerders en hulle ouers aangegaan. 'n Agtienjarige skooldogter van Duiwelskloof se ouers het R500 van haar 40-jarige Engels-opvoeder ontvang as deel van haar lobola (Ledwaba, 1999:1). 'n Skoolhoof, wat beplan om met 'n 18-jarige swanger leerder van sy skool te trou, se verhouding met haar het begin toe sy 16 jaar oud was (Mboyane, 2001a:4).

*Aanrandings*

'n Aanranding is die wederregtelike en opsetlike aanval van een persoon deur 'n ander. Daar kan 'n onderskeid tussen 'n eenvoudige en 'n ernstige aanval getref word. In eersgenoemde geval word geen wapens gebruik nie en geen ernstige beserings word opgedoen nie.'n Ernstige aanranding het ten doel om die slagoffer ernstig te beseer, en 'n wapen word gewoonlik gebruik (Snyman, 1999:447; Conklin, 1989:40).

Aandag sal eerstens aan voorbeelde van leerdergeweldpleging geskenk word. 'n Sestienjarige seun het, soos reeds gemeld, 'n koshuismatrone aangerand en verkrag (Van Niekerk, 1999:2). Uit koerantberigte blyk dit ook dat leerders hulle opvoeders aanrand, gyselaar hou, met messe aanval, met klippe bestook of vuurwapens op hulle rig (kyk o.a. Kok, 2001:2; Ntabazalila, 2001:3; Smith, 2001b:2; Hadebe, 2001a:3; Citizen, 2000:8; De Klerk, 1999:4; Eastern Province Herald, 1999b:3; Ncaca, 1999:1; Beaver, 1997:20; Van Wyk, 1997b:4). Soms ontgeld buitestanders dit. Toe leerders op 'n skooluitstappie hand uitgeruk het, het die toesighoudende opvoeder die busbestuurder gevra om by die naaste polisiestasie stil te hou. Die leerders het 'n polisieman met gebreekte bottels aangeval. Hy is verskeie kere in die kop gesteek. 'n Kollega wat hom te hulp gesnel het, is ook aangerand (Fourie, 2001:4). Leerders val mekaar met messe, pangas en selfs skroewedraaiers aan (Ohlson, 2001:7; Dlamini, 2000:4; Meyer, 2001:

7; Die Burger, 1997:11), en bestook mekaar met klippe (Die Burger, 1997:11). 'n Skoolseun van Stanger moes, terwyl hy deur sy klasmaats met 'n mes gedreig is, 'n gevaarlike "mengeldrankie" van alkohol en ander ongeïdentifiseerde middels drink.

Opvoeders tree ook gewelddadig op. Soms word opvoeders deur kollegas aangerand. Grey (2001:1) berig oor twee werklose opvoeders wat 11 KwaZulu-Natalse opvoeders aangerand het. Hulle wou hierdie opvoeders intimideer om te bedank, sodat hulle vir die vakante poste aansoek kan doen. 'n Oos-Kaap skoolhoof is glo in opdrag van opvoeders deur leerders met klippe gegooi en stokke geslaan omdat hy besig was met die herontplooiing van personeel (Rantao, 1999:8). Nie net kollegas nie, maar ook leerders is soms die slagoffers van opvoedergeweldpleging. Opvoeders het skynbaar min simpatie met leerders wat van diefstal verdink word. 'n Tienjarige skoolseun is byvoorbeeld vir meer as 'n uur in 'n stoorkamer opgesluit omdat opvoeders vermoed het hy het 'n selfoon gesteel (Choonara, 2001:7). 'n Ander tienjarige, wat daarvan beskuldig is dat hy R500 van 'n opvoeder gesteel het, is wreed deur vyf vroue-opvoeders aangerand. Sy hande is op 'n stoof gebrand, sy keel toegedruk en sy kop in 'n emmer water gedruk in 'n uurlange martelsessie (Mboyane, 2001b:4).

Die toediening van lyfstaf is verbode in Suid-Afrikaanse skole (Ngobeni, 2001b:9). Uit berigte (Venter, 2002:8; Neethling, 2001:8; Smith, 2001d:8; Ledwaba, Turkington & Magwaza, 1999:5) blyk dit egter dat lyfstaf nog algemeen by sommige skole toegepas word, én dat opvoeders, in hul uitoefening van dissipline, leerders soms aanrand. Leerders word met sambokke, stokke en plastiese pype in hulle gesigte, en op hulle bene, lywe, boude en arms geslaan. Soms is die straftoediening só erg dat die slagoffers skaars kan loop. Maponya (2001a:2; 2001b:4) en Ngobeni (2001b:9) berig oor drie 7- en 8-jarige kinders wat elk 'n oog verloor het nadat opvoeders hulle geslaan het. Geweldenaars betree doodeenvoudig gedurende skoolure skoolterreine, val leerders en/of opvoeders aan en saai paniek (Smith, 2002:1; Singh, 2001:5; Bisetty, 1997:1). In Hillbrow, "a place of war", het 'n gewapende man byvoorbeeld die skoolhoof tydens 'n saalbyeenkoms verskeie kere in die gesig geskiet (Ngobeni, 1999:7). In Voorburg is 'n opvoeder voor haar klas met 'n vuurwapen gedreig (Ohlson, 2001: 7). Klasse word gereeld by 'n Manenbergse primêre skool deur bendegevegte onderbreek:

> [The principal] points to bullet holes in blackboards and classroom corridor walls, caused by shooting gangsters running through the school during fights. "It is a miracle no child has ever been shot." When shots are fired chaos breaks out, with teachers and children running blindly in all directions and falling over each other — often hurting each other (Botha, 1998a:15).

Terwyl Johns (2000:7) rapporteer van leerderongevalle as hulle in die kruisvuur van "gangster shootouts" op of naby skoolterreine beland, blyk dit uit 'n berig deur Hadebe (2001b:1) dat hulle nie altyd die onskuldige slagoffers is nie. Opvoeders moes al van skoolterreine af vlug as gewapende konflik tussen leerders, behorende aan strydende bendes, uitbreek. Opvoeders is nie net die teiken van bendelede nie, maar word ook deur rowers aangeval.

*Roof*

Roof, wat as diefstal met geweld gedefinieer kan word (Snyman, 1999:519; Gottfredson & Hirschi, 1991:28; Conklin, 1989:40), vind skynbaar gereeld by skole plaas. Binne die eerste vyf dae van die 2001-skooljaar is meer as R47 000 in skoolfondsgelde, asook selfone en kleiner kontantbedrae van opvoeders in KwaZulu-Natal geroof. Tydens dié rooftogte is twee sekuriteitswagte, drie opvoeders en 'n bestuursliggaamlid gedood en twee opvoeders ernstig gewond (Khan & Masemola, 2001:10; kyk Meyer & Suder, 2000:1 vir soortgelyke skoolfondsrooftogte gedurende Januarie 2000). In Orlando-Wes is 'n skoolhoof op die skoolterrein deur drie rowers doodgeskiet. Hulle het haar juwele gesteel en met haar motor ontvlug (Mothibeli, 1999:1). Terwyl 36 kleuters op die terrein was, het drie gewapende rowers die personeel hardhandig behandel en hulle van R500, 'n selfoon en leesbril beroof (Saturday Star, 1997:5). Rowers is nie noodwendig vreemdelinge nie. Gewapende rowers, onder aanvoering van 'n oudleerder, het byvoorbeeld opvoeders gedurende skoolure van hul juwele beroof (Bengu, 2000:2). 'n Sestienjarige leerder is daaraan skuldig bevind dat 'n koshuismatrone net buite die skoolterrein aangerand, verkrag en van R450 beroof het. Uit die matrone se getuienis blyk dit dat roof die oorspronklike misdaad was (Van Niekerk, 1999:2). Leerders beroof ook hulle medeleerders: 'n 16-jarige dogter is deur medeleerders aangerand en beroof terwyl van haar maats hulpeloos toegekyk het (Gangaram, 2001:2).

Die woonbuurtes waarin sommige skole gesitueer is, is baie gevaarlik. 'n Ouer is byvoorbeeld tydens 'n rooftog in die hek van 'n Durbanse primêre skool doodgesteek. Twee opvoeders is beroof (Khan, 2001:1). Leerders op pad na en van die skool is sagte teikens vir rowers wat óf hulle horlosies, sweetpakbaadjies en geld van hulle af wegruk óf hulle met wapens dreig (Khan, 2001:1; Van Dijk, 2001:7; Bisetty, 1999:6).

Geweldenaars, rowers en moordenaars gebruik wapens om hulle slagoffers te intimideer, te beseer, te vermoor of tot oorgawe te dwing. Watter tipe wapens gebruik hierdie aggressors en wat is die omvang van die bewapeningsprobleem by Suid-Afrikaanse skole?

*Wapens*

Mkhondo (2000:12) skryf: "Each day hundreds of guns make the trip to school in the pockets of students". Sommige bring glo dié wapens skool toe om daarmee te spog (Matavire, 1999a:1; Citizen, 1997a:3), ander vir selfverdediging (Naudé, 2002:1).Volgens 'n woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (aan Eastern Province Herald, 2001a:2) voel opvoeders onveilig, want "pupils are armed to the teeth". Daar word beweer dat selfs graad 2-leerders met gewere skool toe kom (Tromp, 1998:3). Dié probleem is só erg dat skoolhoofde al die polisie versoek het om hulle skoolterreine te deursoek (Sowetan Sunday World, 2001:4). Tydens só 'n besoek het die polisie drie leerders gearresteer wat besig was om met twee gelaaide, ongelisensieerde 9 mm pistole "te speel" (Mpete, 1999:4). Leerders koop en verkoop ook vuurwapens aan mekaar op skoolterreine (Afrikaner, 1999:6; Ngcai, 1997:9). Om 'n vuurwapen skool toe bring, het ernstige kriminele implikasies: 'n skoolseun wat sy oupa se 7,65mm handwapen skool toe gebring het, is van die besit van 'n wapen en ammunisie sonder die nodige lisensie, die rig van 'n wapen en diefstal aangekla (Matavire, 1999a:1).

Uit koerantberigte (De Nysschen, 2001:2; Sowetan Sunday World, 2001:4; Beaver, 1997:20) blyk dit dat opvoeders en leerders mekaar met vuurwapens dreig. Voorts bewapen sommiges hulle met onder andere messe, pangas, stokke, rewolwers, byle, skroewedraaiers en skêre as hulle skool toe gaan (Eastern Province Herald, 2001b:2; Smith, 2001c:4; Ohlson, 2001:7; Afrikaner, 1999:6; Nxusani, 1998:6; Die Burger, 1997:11). In optogte en staatgevegte dien knopkieries, grawe, ysterpale en selfs lessenaarstukke ook as wapens (Johns & Bamford, 1999:1; Du Preez, 1998:1)

Mens-op-mens-geweldsmisdade vind skynbaar redelik algemeen by skole plaas, maar wat is die omvang van eiendomsmisdade in die Suid-Afrikaanse onderwys?

## Eiendomsmisdade

*Inbraak*

Inbraak met die opset om 'n misdaad te pleeg vind plaas indien iemand wederregtelik en opsetlik 'n gebou of struktuur oopbreek en binnegaan met die doel om daarbinne 'n misdaad te pleeg (Snyman, 1999:555). As gevolg van 'n gebrek aan sekuriteit by veral skole in swart woonbuurtes, is inbraak 'n algemene misdaad by sommige skole (Gope, 2001:10; Joseph, 2001:4; Duma, 1999:17). By een skool in Khayelitsha is daar gedurende Mei 2001 twee maal ingebreek (Gope, 2001:10). Feitlik enige iets onder die son word tydens dié inbrake gesteel: kopervensterrame ('n gewilde item), ruite, die Suid-Afrikaanse vlag, 'n ystervlagpaal (afgesaag — die stompie steek by die grond uit), gloeilampe ('n gewilde item), gordyne, rekenaars ('n gewilde item), drukkers, tikmasjiene, faksmasjiene, fotostaatmasjiene, koperwater-

pype (wat tot gevolg het dat leerders huis toe gestuur moet word omdat daar nie water is nie), wasbakkrane, deurknoppe, 'n skool se elektroniese klok en twee handklokke, 'n skoolhoof se briewetas, sporttoerusting, onderrighulpmiddels, skryfbehoeftes, deure (by 'n skool is daar een nag twaalf klaskamerdeure gesteel), matte, die staalrame van die swartborde is by 19 klaskamers van 'n skool verwyder, stroombrekers, naaldwerkmasjiene, kruideniersware, breekware, ys- en vrieskaste, televisiestelle, video-opnemers, spesiaal ontwerpte toerusting vir leerders met gestremdhede, omheinings, grassnyers, snoepievoorraad, telefoondrade, 'n sekretaresse se lessenaar en chemikalieë (om 'n bom te maak) (Matyu, 2002:2; Bantam, 2001:8; Bisetty, 2001a:1; Gope, 2001:10; Joseph, 2001:4; Matavire, 2001:6; Smith, 2001b:2; Bengu, 2000:2; Makhado, 2000:6; Rapitso, 2000:3; Gilford, 1999:13; Johns, 1999:13; Natal Witness, 1999:3; Botha, 1998b:5; Naidu, 1998:17).

Maatreëls om skole teen inbrake te beskerm, is blykbaar vrugteloos. Veiligheidshekke en -omheinings word soms binne 'n week nadat dit aangebring is, weer gesteel (Bantam, 2001:8; Bisetty, 2001a:1). Een skoolhoof het so ver gegaan om gedurende skoolvakansies die deure van klaskamers af te skroef en in 'n "veilige plek" te bêre. Inbrekers het egter dié plek ontdek en twee van die deure gesteel (Seripe, 1997:5).

*Diefstal*

Diefstal is die onwettige neem, wegdra, weglei of wegry van iemand anders se eiendom (Snyman, 1999:483; Glick, 1995:34; Conklin, 1989:43). Glick (1995:34) en Conklin (1989:43) noem die volgende algemene vorme van diefstal: winkeldiefstal, steel van fietse, sakkerollery, diefstal uit motors, gryp van beursies/handsakke (sonder geweld) en diefstal uit geboue. Hoewel motordiefstal, bedrog en geldverduistering ook vorme van diefstal is, word dit as gevolg van die omvang daarvan apart deur kriminoloë gekategoriseer (Glick, 1995: 34; Conklin, 1989:43). Diefstal verskil van roof in dié opsig dat daar by eergenoemde nie sprake van geweld of die dreigement van geweld is nie. Voorts verskil dit van inbraak omdat die oortreder nie op 'n onwettige wyse toegang tot 'n gebou verkry het nie (Beirne & Messerschmidt, 1991:32; Conklin, 1989:43).

Hoewel dit foutief is om te sê dat alle leerders steel, pleeg baie leerders diefstal (Lawrence, Steed & Young, 1984:100; Sanders, 1981:129). Sanders (1981:129) skryf:

> Juveniles themselves have been heard to say that "everyone" steals, meaning "everyone our age" or "everyone in our group".

Die rekenaarsoektog het egter relatief min koerantberigte oor leerderdiefstal opgelewer. Dit kan daaraan toegeskryf word dat skoolhoofde onwillig is om diefstalle wat op skoolterreine plaasvind, aan te meld. Die onwilligheid het tot gevolg dat die omvang van diefstal by skole moeilik bepaal sal kan word (Morgan & Zedner, 1992:93). Voorts word daar in hierdie artikel nie aandag geskenk aan diefstal wat leerders en opvoeders in hule privaat hoedanigheid gepleeg het nie.

Die volgende is enkele voorbeelde van diefstal by skole: 'n Graad 3-leerder moes 'n nag in polisieselle deurbring omdat hy na bewering óf 'n energiedrankie óf 'n stafie sjokolade (volgens die koerantberig is daar teenstrydige berigte oor wat die kind gesteel het) van 'n klasmaat gesteel het (Khangale, 2001:11). Terwyl 'n tienjarige seun daarvan beskuldig is dat hy R500 van 'n opvoeder gesteel het (Mboyane, 2001b: 4), het dertien sekondêre skoolleerders glo oor 'n periode van 18 maande geld en goedere ter waarde van R48 000 van 'n skoolsnoepie gesteel (Bengu, 1998:2). Voorts blyk dit dat leerders (en buitestanders) redelik gereeld items uit opvoeders se motors steel (Joseph, 2001:4; Natal Witness, 1999:3). Nie net leerders nie (Choonara, 2001:7), maar ook opvoeders steel glo selfone (Wilson, 2001a:5). 'n Opvoeder is daarvan beskuldig dat hy van sy kollegas se identiteitsboekies gesteel het (hy wou 'n persoonlike lening bekom) (Eastern Province Herald, 2000:6).

Uit koerantberigte (kyk o.a. Bisetty, 2001b:2; Mohale, 2001:5; Naidoo, 2001:6; Alfreds, 1997:2) blyk dit dat die steel van matriekeindeksamenvraestelle 'n redelik algemene misdaad is. Opvoeders, leerders en onderwysamptenare was by dié diefstalle betrokke. Van dié vraestelle is vir so min as R2.70 "vir hersiening" verkoop (Coetzee, 2000:1). Ander vraestelle is ook gewilde items vir diewe (Wilson, 2001b:2; Mboyane, 2000:1).

Die omvang van diefstal by skole blyk uit die feit dat dit nodig was om Operasie Mazibuye, wat "bring dit terug" beteken, in die Nelspruitskooldistrik te loods. Die doel van die projek was om aan leerders, opvoeders en die gemeenskap die geleentheid te gee om skooleiendom soos meublement, hand- en biblioteekboeke terug te gee. Meer as 1000 skoolbanke, stoele en tafels wat aan 30 skole behoort het, is teruggevind (Pather, 2001b:6 en 2001c:1; kyk Citizen, 1997b:17 vir 'n soortgelyke projek in Kwaggafontein).

*Brandstigting*

Brandstigting is die opsetlike en wederregtelike aan die brand steek van iemand anders se eiendom. Brandstigting word dikwels gekoppel aan bedrog, wanneer 'n persoon ter wille van 'n versekeringseis sy/haar eie eiendom aan die brand steek of laat steek (Snyman, 1999:553; Beirne & Messerschmidt, 1991:32; Conklin, 1989:44).

Skole is dikwels die teiken van (ongeïdentifiseerde) brandstigters (kyk o.a. Schronen, 2001:6; Volksblad, 1998:2; Versluis, 1998:5; Volksblad, 1997:2). Leerders steek hulle eie of buurskole uit protes teen gemeenskap- en opvoederoptrede aan die brand (Jones, 2001:4; Ross, 1999:2; Nxusani, 1998:6; Beaver, 1997:20).

*Vandalisme/saakbeskadiging*

Vandalisme, wat beskryf kan word as die opsetlike vernietiging of beskadiging van eiendom sonder die eienaar se toestemming (Snyman, 1999:551; Conklin, 1989:44), is 'n algemene misdaad in Suid-Afrikaanse skole (Bantam, 2001:8; Matavire, 2001:6; Smith, 2001c:4; Makhado, 2000:6). Ongeveer 'n kwart van Wes-Kaapse skole is gereeld die teiken van vandale (Kahn, Tamalele, Solomon & Zuma, 2002:2). Van die skole op die Kaapse Vlaktes word ten minste twee keer per kwartaal gevandaliseer (Joseph, 2001:4).

Die volgende is enkele voorbeelde van dade van vandalisme: Toilette en wasbakke word uit mure geruk en stukkend geslaan. Lêers in administratiewe geboue word rondgestrooi en deure stukkend gekap (Bantam, 2001:8). Boekrakke en potplanthouers word om- en uitgegooi (Campbell, 1997:7). Skoolbanke en plafonne word gevandaliseer (Seripe, 1997:5). Ongeveer 800 ruite van 'n Mitchell's Plain skool is deur vandale gebreek. Hierdié skool se rekenaarmonitors en -sleutelborde is ook vernietig (Smith, 1997:2). Klaskamers word geplunder, diefwering voor vensters en veiligheidshekke gebuig en deure uit hulle skaniere geruk (Gilford, 1997:2). Dokumente word opgeskeur en/of verbrand (Hoffman, 1997:2). Vandale het 'n skoollaboratorium se boeke verniel, toerusting gebreek en chemikalieë op die vloer gegooi (Mackay & Mnyakama, 1997:4). Vandale slaan gate in die mure van monteerklaskamers (Matyu, 2002:2) en verf graffiti op mure (Eastern Province Herald, 2001c:3; Botha, 1998b:5). Ruite is gewilde teikens (Matyu, 2002:2; Smith, 2001b:2; Citizen, 2000:8; Johns, 1999:13). Nie net die geboue nie, maar selfs die gras van 'n skool op die Kaapse Vlaktes is gereeld die teiken van vandale (Joseph, 2001:4). Vandale het petrolbomme op 'n Oos-Londense spogskool se sintetiese hokkievelde gegooi (Eastern Province Herald, 2001c:3).

Dit is vir sommige opvoeders nie vreemd om in die oggende, as hulle hulle klaskamers oopsluit, deur kondome en ontlasting begroet te word nie (Matyu, 2002:2; Botha, 1998a:15; Smith, 1998:9; Gilford, 1997:2). Inbrekers en vandale maak vir hulleself vuurtjies in van die klaskamers (Seripe, 1997:5). Klaskamers dien ook as slaapkwartiere vir haweloses en vergader- en daggarookplekke vir bendelede (Johns, 1999:13). 'n Skoolhoof skets sy dilemma aan Smith (1998:9): sluit hy die klaskamerdeure, breek die vandale in, sluit hy nie, moet die gemors in die oggende opgeruim word.

Vandale is nie altyd gesigloses nie. Matavire (1999b:1) berig oor 'n 14-jarige skoolseun wat gearresteer is nadat hy sewe klaskamers by sy skool gevandaliseer het. Die skade is op R100 000 beraam. Twee maande voor die misdaad het hy en vyf jonger seuns van die skool se mure en vloere met ontlasting besmeer, op boeke geürineer, toilette

gebreek en boeke oral rondgegooi. Polisievoertuie (De Nysschen, 2001:2; Grey, 2000:4; Star, 1997:1), asook opvoedervoertuie en -eiendom (Smith, 2001b:2; De Klerk, 1999:4; Mfeka, 1998:2) is dikwels die teikens van leerdervandalisme. Voorts word privaat en staatseiendom dikwels tydens protesoptogte deur vernielsugtige leerders en opvoeders gevandaliseer (kyk o.a. Citizen, 2000:8; Du Preez, 1998:2). Uit voorafgaande oorsig blyk dit dat staats- en privaat eiendom die teiken van rowers, diewe, brandstigters en vandale is.

## Misdaad- en geweldskultuur

Teen die agtergrond van voorafgaande uiteensetting van gewelds- en eiendomsmisdade kan die vraag gevra word: heers daar 'n misdaad- en geweldskultuur in die Suid-Afrikaanse onderwys? In 'n soeke na 'n antwoord op die vraag is na koerantberigte oor misdaadstatistiek, asook die optrede en vrese van leerders, opvoeders en die gemeenskap gekyk.

Volgens die Minister van Onderwys (soos meegedeel aan Rademeyer, 2001:2) het 35% van skole landswyd in 1999 voorvalle van misdaad aangemeld. Misdaad kos die departement jaarliks R150 miljoen.

Die misdaad- en geweldskultuur word ook geïllustreer deur die wyse waarop leerders, opvoeders en die gemeenskap die reg in eie hande neem. Mkhwanazi (2000:1) skryf oor die "revenge mission" van "angry pupils" na die moord van 'n medeleerder. Uit koerantberigte (Bengu, 2000:2; Grey, 2000:4; Meyer & Suder, 2000:1; Swanepoel, 2000:13; Mkhwanazi, 1997:4; Star, 1997:1) blyk dit dat vermeende oortreders, onder andere skoolfondsdiewe en leerderverkragters, deur leerders, opvoeders en/of lede van die gemeenskap gestenig, doodgemaak, "in hegtenis geneem" of gyselaar gehou word. Hulle eiendom word ook gevandaliseer. Onderrig kom dikwels tot stilstand tydens die uitoefening van straatreg. Dit blyk voorts dat leerders nie huiwer om na polisiestasies op te ruk en te eis dat vermeende oortredes aan hulle oorhandig word sodat "reg en geregtigheid" kan geskied nie (Mkhwanazi, 2000:1; Citizen, 2000:8). Nie net vermeende kriminele oortreders nie, maar ook 'n Biologie-opvoeder wat volgens leerders nie al die werk met hulle behandel het nie, was al die slagoffer van straatreg (Hadebe, 2001a:3).

Die misdaad- en geweldskultuur word voorts geïllustreer deur die wyse waarop leerders, wat lede van bendes is, medeleerders intimideer (Sowetan Sunday World, 2001:4; Tromp, 1998:3). Laastens blyk dit dat opvoeders uit vrees vir weerwraak wangedrag en stokkiesdraaiery sienderoë toelaat (Moela, 2000:7). Die vrese is gegrond, want dit het al gebeur dat opvoeders deur ouers en selfs buitestanders aangerand word as hulle leerders dissiplineer (Ndiyane, 2001:3; Singh, 2001:5; Botha, 1998a:15; Tromp, 1998:3).

## Slot

Dit blyk uit die inhoudanalise dat die media omvattend rapporteer oor opvoeders en leerders as slagoffers en aggressors van geweldsmisdade soos moorde of pogings tot moord, ontvoering/menseroof, aanrandings en roof. Die media gee ook uitvoerig aandag aan opvoeders en leerders se betrokkenheid by inbrake, diefstalle, brandstigting en vandalisme/saakbeskadiging. Berigte oor onderwysmisdaadstatistiek, straatreg en die negatiewe invloed van intimidasie en vrees op onderrig en leer skep die indruk dat daar 'n misdaad- en geweldskultuur in die Suid-Afrikaanse onderwys heers. Die groot aantal berigte oor onderwysverwante misdade kan eendersyds daarop dui dat die gedrukte media in Suid-Afrika erns het met hul taak om hulle lesers op hoogte te hou van misdaadgebeure in die Suid-Afrikaanse onderwys, maar andersyds kan dit bloot 'n refleksie van leservoorkeure wees. In die lig van Young (1999:446) se siening dat die media "grotesquely exaggerated the problem of crime" en die feit dat die media aan sensasionele, nie-tipiese misdade voorkeur gee (Tsoudis, 2001:15) is dit moontlik dat die artikel nie 'n weerspieëling nie, maar eerder 'n spieëlbeeld van misdaad in die Suid-Afrikaanse onderwys is. 'n Grondige empiriese ondersoek na misdaad in die onderwys moet dus geloods word. Hierdie media-ondersoek, wat daarop dui dat misdaad in die onderwys 'n ernstige probleem, dien as vertrekpunt vir so 'n navorsingsprojek.

## Summary

The printed media have taken upon themselves the role of watchdogs and guardians. Consequently they report on events that in their opinion either threaten the general welfare of the public at large or are of importance to the community. The public's interest in crime has resulted in the media reporting extensively on crime. Computer searches conducted at SAMedia (http://www.samedia.uovs.ac.za) during March 2002 using keywords related to crime combined with the category education led to the identification of more than 6 000 newspaper reports published in South Africa during the period January 1997 to February 2002 and which reported on these matters. Because of the extent of crime in which persons concerned with education are/were involved as alleged perpetrators and victims, attention in this article is only devoted to conventional crime.

### Conventional crime

*Violent crime*

**Murder:** In spite of the view expressed by a police spokesperson (as quoted in Sowetan Sunday World, 2001:4) that the killing of learners by fellow learners is not a common phenomenon, it is obvious from newspaper reports that learners are shot dead, beaten to death and knifed on school grounds by schoolmates, learners from neighbouring schools as well as strangers during and after school hours. Learners do not only murder one another, but also their educators. However, the latter are also guilty of murder. It would appear that educators are defenceless against persons from outside who enter school grounds and murder them in front of their learners.

**Kidnapping:** According to newspaper reports kidnappers attempt to lure learners to their vehicles. They also enter school grounds in search of victims. It sometimes happens that educators kidnap learners and vice versa. Learners sometimes kidnap fellow learners. It is feared that victims of kidnapping may fall victim to sexual offenders.

**Rape and sexual crimes against children/educators:** According to Rantoa (1999:8) rape of learners is an almost daily phenomenon in South African schools. The estimated rape ratio in certain Eastern Cape schools is five learners per educator per month. Several newspapers report on educators that are guilty of heterosexual and homosexual rape of learners. Support personnel and owners of pre-primary schools are also guilty of the sexual abuse of children. Outsiders see schools as soft targets for the finding of rape victims. Learners as young as six have been raped on school grounds. It is, however, not only adults that are guilty of sexual offences. Learners rape fellow learners during and after matric farewell functions or school outings, and during school hours. Not only heterosexual, but also homosexual learner on learner rapes take place. Lastly it appears that long-term sexual relationships between educators and (under-age) learners is not an uncommon phenomenon.

**Assault:** According to newspaper reports learners are guilty of serious assault of educators, hostel personnel, outsiders and fellow learners. They use knives, pangas and even screwdrivers in the attacks and/or throw stones at their victims. Not only learners, but also educators are guilty of violent acts and assault colleagues and learners. In addition violent criminals enter school grounds during school hours, attack learners and/or educators and create panic. Although learners are often caught in the crossfire of gangster shootouts on or near school grounds, it appears that they are not always innocent victims.

**Robbery:** Robbery, which can be defined as theft accompanied by violence, regularly occurs in schools. From reports it appears that school fund money and educators' jewellery are favourite soft targets. Learners on their way to and from schools situated in unsafe neighbourhoods, are soft targets for robbers.

*Property crimes*

**Burglary:** As a result of a lack of security, especially at schools in black residential areas, burglary is, according to newspaper reports, a common crime at some schools. Almost anything under the sun is stolen during these burglaries. Measures to protect schools against

burglaries are futile, for security gates and fences are often stolen within a week of being installed.

**Theft:** Although it would be wrong to say that all learners steal, many learners are guilty of theft. Nevertheless the computer search produced few newspaper reports on learner theft. This may be ascribed to the fact that principals are reluctant to report theft that takes place on school grounds. The consequence of this reluctance is that it is difficult to determine the extent of theft in schools. From newspaper reports it is clear that the theft of matric final examination papers is a fairly common crime. Educators, learners and education officials are involved in these thefts. The extent of theft in schools is apparent from a report on Operation Mazibuye (bring it back) in the Nelspruit school district. More than 1 000 school desks, chairs and tables belonging to 30 schools were recovered during this project.

**Arson:** Schools are often the target of unidentified arsonists and learners. Learners set fire to their own or neighbouring schools in protest against community and educator action.

**Vandalism/property damage:** From the newspaper reports it is clear that vandalism is a common crime in South African schools.

### A culture of crime and violence

From newspaper reports one can deduce that a culture of crime and violence prevails in South African education. According to the Minister of Education 35% of the schools countrywide reported incidents of crime in 1999. Every year crime costs the Department R150 million. Street justice is the order of the day in South African education for alleged offenders are stoned, killed, "arrested" or held hostage by learners, educators and/or members of the community in the course of street justice. The culture of crime and violence is also illustrated by the way in which` learners, who are members of gangs, intimidate fellow learners. Lastly it appears that due to fear of revenge educators allow misconduct and truancy with their eyes wide open.

## Verwysings


Abarder G 1998. Former pupil tells of sex sessions with deputy principal. *Saturday Star*, 7 March.

*Afrikaner*, 8 November 2001. Gemengde onderwys laat sy invloed geld.

*Afrikaner*, 25 Maart 1999. Rig op die regterflank.

Alfreds L 1997. Heads to roll as matric-bungling officials named. *Star*, 27 February.

Allen MJ 1997. *Textbook on Criminal Law*. Fourth edition. Mayfield: Blackstone Press.

Altenroxel L 2001. Shock sex allegations at crechè. *Star*, 27 August.

Altheide DA 1996. *Qualitative media analysis*. London: Sage Publications.

Asmal K 1999. *Call to action: mobilising citizens to build a South African education and training system for the 21st century*. Available url: http//education.pwv.gov.za/Media Speeches-1999/July99/ call-to-action.html.

Bantam H 2001. Vandalism, theft crisis for primary school principal. *Eastern Province Herald*, 5 September.

*Beeld*, 19 Julie 2000. Onnies tel hul sente, pleks dat hulle kinders leer tel.

*Beeld*, 22 Junie 1998. Redaksionele kommentaar: Nee, dr. Bengu.

Beaver T 1997. Dealers in death stalk our schools. *Sunday Tribune*, 2 March.

Beirne P & Messerschmidt J 1991. *Criminology*. San Diego: HBJ.

Bengu C 2000. Thieves hit school as cops lecture pupils. *Sowetan*, 22 August.

Bengu C 1998. Parents to challenge school's move. *Sowetan*, 28 September.

Berger AA 1991. *Media research techniques*. Newbury Park: Sage Publications.

Bisetty K 2001a. Thugs, drugs and alcohol plague KZN schools. *Daily News*, 9 May.

Bisetty K 2001b. Action wanted over lost scripts. *Daily News*, 31 May.

Bisetty K 1999. Pupils at thugs' mercy. *Daily News*, 25 November.

Bisetty K 1997. Chalk-down at Inanda. *Daily News*, 30 April.

Black HC 1979. *Black's Law Dictionary*. St. Paul: West Publishers.

Bonger W 1999. Criminality and economic conditions. In: Muncie J, McLaughlin E & Langan M (eds). *Criminological Perspectives. A Reader*. London: SAGE Publications.

Botha A 1998a. Where black boards have bullet holes. *Cape Argus*, 1 April.

Botha A 1998b. Intruders smash up school for township's poor. *Cape Argus*, 6 May.

Campbell C 1997. Intruders leave trail of damage at school. *Cape Times*, 7 January.

Cembi N 2000. Tension rises after schoolboy stabbed. *Eastern Province Herald*, 28 October.

Choonara S 2001. Schoolboy (10) locked in storeroom. *Sowetan*, 28 August.

*Citizen*, 2 June 2000:8. Teacher "held" in N Province school unrest.

*Citizen*, 26 February 1997a. Pupils with guns "will be expelled".

*Citizen*, 12 February 1997b. Pupils recover stolen property.

Coetzee G 2000. PAC beskou VS vraestelskok as hoogverraad. *Volksblad*, 20 Oktober.

Conklin JE 1989. *Criminology*. New York: MacMillan Publishing.

De Klerk E 2001. Skole sal eerder seksskandale toesmeer. *Volksblad*, 14 Desember.

De Klerk N 1999. Traangas gebruik ná beweerde geveg by skool. *Volksblad*, 17 September.

De Klerk N 1997. Onderwyser voor oor beweerde tjekbedrog. *Volksblad*, 20 November.

De Nysschen L 2002. Leerling steek maat met mes dood oor handboeke. *Beeld*, 22 Februarie.

De Nysschen L 2001. Onluste by skool toe polisie gewapende seun gaan haal. *Beeld*, 26 Mei.

De Wet NC, Brazelle RR, Heyns MG, Masitsa MG, Niemann GS, Niemann SM & Van Staden JG 2001. Rassisme in die Suid-Afrikaanse onderwys soos weerspieël deur die gedrukte media. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 21:10-17.

Deysel S 1998. Onderwyser in hof oor hy glo met seun (16) lol. *Beeld*, 31 Maart.

*Die Burger*, 22 Februarie 1999. Meisies gelok; polisie kyk na voertuie.

*Die Burger*, 7 Maart 1997. Natal skool sluit ná swart en Indiërleerlinge bots.

Dlamini S 2000. Mpumalanga-leerling steek glo maat ná twis oor selfoon. *Beeld*, 25 Mei.

Dohrn B 1997. Youth violence: false fears and hard truths. *Educational Leadership*, 55:45-47.

Duma M 1999. Learning suffers as thugs and rapists terrorise pupils. *Sunday World*, 1 August.

Du Preez L 1998. Rubberkoeëls klap in Huhudi. *Beeld*, 20 Maart.

*Eastern Province Herald*, 27 October 2001a. Slaying of pupil highlights school danger zones.

*Eastern Province Herald*, 28 September 2001b. Sex abuse monsters stalk E Cape schools.

*Eastern Province Herald*, 19 February 2001c. Vandals in petrol bomb attack on EL school field.

*Eastern Province Herald*, 7 September 2000. Teacher who stole is still being paid.

*Eastern Province Herald*, 2 December 1999a. Concern at matric parties.

*Eastern Province Herald*, 18 March 1999b. 40 pupils to appear in Umtata court.

Fourie R 2001. Kinders beseer 2 van polisie. *Beeld*, 24 September.

Fowler R 1991. *Language in the text*. London: Routledge.

Froneman JD 1997. Towards a Christian model for journalism. *Koers*, 62:1-17.

Gangaram D 2001. Police keep eye on delinquent pupils. *Leader*, 7 September.

Gilford G 1999. Website may be key to robbery. *Star*, 26 August.

Gilford F 1997. Vandalism leaves parents fuming and Riverlea school barely usable. *Star*, 7 May.

Gillham S 1999. Sex attack on pupil probed. *Eastern Province Herald*. 13 August.

Glick L 1995. *Criminology*. Boston: Allyn & Bacon.

Gope M 2001. Pupils stage street protest after latest classroom robbery. *Cape Argus*, 31 May.

Gottfredson MR & Hirschi T 1991. *A general theory of crime*. Stanford: Stanford University Press.

Greek C 2001. *Criminals: Media Images*. Available url: http://www.criminology. fsu.edu/crimemedia/lecture3.html.

Grey J 2001. Scared educators get paid for doing nothing. *The Teacher*, 30 June.

Grey J 2000. Running riot for "justice". *The Teacher*, 30 September.

Hadebe S 2001a. Angry pupils seek out teacher. Natal Witness, 14 November.

Hadebe S 2001b. Teachers flee school gangs. *Natal Witness*, 16 June.

Hans B & Lubisi D 2001. Our teachers raped us. Girls' lives ruined by classroom perverts. *City Press*, 21 October.

Hartley J 1985. *Understanding news*. London: Methuen & Co.

Hisa HJ 1988. *Mass communication research methods: a step-by-step approach*. Hilldale: Lawrence Erlbaum Associates.

Hoffman H 1997. Skool eis optrede ná harde werk verbrand. *Die Burger*, 26 Augustus.

*Impak*, 1 Februarie 2002. Verkragtings in skole.

Johns L 2000. Battle shock hits school on front line in gang warfare. *Cape Argus*, 28 Augustus.

Johns L 1999. School is an endurance test for some. *Cape Argus*, 21 July.
Johns L & Bamford H 1999. Schools in mass brawl. *Cape Argus*, 2 September.
Jones D 2001. Hoërskool Warrenton fire estimated at R2m. *Business Day*, 16 May.
Joseph N 2001. Belhar schools under siege. *Cape Argus*, 6 November.
Joubert J 2002. Skokkende seksuele vergrype in skole onthul. *Die Burger*, 23 Januarie.
Kahn T, Tamalele R, Solomon MW & Zuma N 2002. Difficulties likely to dog start of new school year. *Business Day*, 23 January.
Khan F 2001. Man slain at primary school. *Daily News*, 1 June.
Khan F & Masemola T 2001. Killer hit schools. *Daily News*, 24 January.
Khangale N 2001. School ordered to reinstate expelled pupil. *Sowetan*, 18 September.
Khumalo S & Meyer J 2000. KZN education crisis debate. *Daily News*, 27 January.
Khupiso V 2000. Initiate killed for his fear of AIDS. *Sunday Times*, 11 June.
Kok D 2001. Gemeenskap geskok oor drie seuns se beweerde geplunder. *Volksblad*, 17 November.
Kotlolo M 2000. Visit for family of burnt boy. *Sowetan*, 9 October.
Kotlolo M 1999a. Family fears for missing son. *Sowetan*, 1 July.
Kotlolo M 1999b. Sex teachers sacked. *Sowetan*, 3 December.
Lawrence J, Steed D & Young P 1984. *Disruptive children: disruptive schools?* London: Croom Helm.
Ledwaba LS 1999. Teacher guns down kids. *Sunday World*, 20 June.
Ledwaba LS, Turkington T & Magwaza G 1999. Teachers ... leave those kids alone. *Sunday World*, 21 March.
Letsoalo P 1999. Inquiry into rape resumed. *Sowetan*, 30 November.
Mackay M & Mnyakama M 1997. Vandals trash city school science laboratory. *Cape Argus*, 19 December.
MacLean E. 1988. *Between the lines: how to detect bias and propaganda in the news and everyday life*. Montreal: Black Rose Books.
Makhado K 2000. School left with nothing after multiple break-ins. *Sowetan*, 19 July.
Maponya F 2001a. Teacher fired for beating kids. *Sowetan*, 21 November.
Maponya F 2001b. Boy (7) is badly injured after beating. *Sowetan*, 20 June.
Matavire M 2001. Pupils' lessons cut by vandalism and theft. *Eastern Province Herald*, 25 August.
Matavire M 1999a. Grade 9 boy held in school gun drama. *Eastern Province Herald*, 22 June.
Matavire M 1999b. Boy held for vandalising school, again! *Eastern Province Herald*, 27 March.
Matyu J 2002. Metro probe uncovers schools in dismal state. *Eastern Province Herald*, 26 January.
Matyu J 2001. Education dept team to probe shooting. *Eastern Province Herald*, 24 April.
Mboyane S 2001a. School head to wed pregnant pupil, *City Press*, 4 November.
Mboyane S 2001b. Pupil (10) assaulted by teachers, *City Press*, 11 March.
Mboyane S 2000. Arsonist put a match to school's staff-room. *City Press*, 12 November.
McQuil D 1987. *Mass communication theory*. London: Sage Publications.
Merrill JC 1984. News medium, news, objectivity — ontological questions in journalism. *Ecquid Novi*, 5:79-82.
Meyer L 2001. Ma wil kind uit skool haal ná messtekery. *Rapport*, 4 November.
Meyer J & Suder I 2000. Schools pass test. *Daily News*, 19 January.
Mfeka K 1998. New school for KwaPata. *Natal Witness*, 18 June.
Mkhondo R 2000. Unruly school kids: where to draw the line. *Citizen*, 20 September.
Mkhwanazi M 2000. Gumba ends in tragedy. *Sowetan*, 8 August.
Mkhwanazi M 1997. Irate pupils burn down three homes. *Sowetan*, 27 February.
Mkokeli S 2001. Sexual abuse is rife in public schools. *Eastern Province Herald*, 27 September.
Moela S 2000. Are schools in city centres becoming breeding grounds for waywardness? *City Press*, 16 January.
Mohale J 2000. Matric cheats will be punished. *Sowetan*, 31 October.
Mokoena M 2001. Teacher in sex-orgy with boys. *City Press*, 2 December.
Momberg E 1998. Minister to close KZ-N reform school. *Citizen*, 21 December.
Morgan J & Zedner L 1992. *Child victims*. Oxford: Clarendon Press.
Mothibeli T 1999. Soweto secondary schools to upgrade security. *Star*, 24 November.
Mpete M 1999. School pupils charged with possessing unlicensed guns. *City Press*, 25 April.
Muller P 1990. Leserbehoeftes: 'n Nuwe vorm van sensuur? *Ecquid Novi*, 11:225-231.
Naidoo Y 2001. Eyes peeled for cheats. *Sunday Tribune*, 25 November.
Naidu M 1998. Reasoma has an education mission. *Sowetan*, 5 March.
*Natal Witness*, 2 November 2001. MEC praises courage of teachers.
*Natal Witness*, 26 May 2000. Education Dept slams school killing.
*Natal Witness*, 25 June 1999. School dubbed war zone after pupil is killed.
Naudé C 2002. Gangs means school must start weapon search. *Natal Witness*, 16 February.
Ncaca N 1999. 6 teachers hired pupils to kill the principal. *City Press*, 7 February.
Ndiyane E 2001. Schools in turmoil after two deaths. *Daily News*, 20 June.
Neethling T 2001. Outrage as teacher canes girl with pipe. *Eastern Province Herald*, 10 May.
Newton R 1989. Roles, rights and responsibilities: whom should the media serve? In: Biagi S (ed.). *Media/Reader. Perspectives on mass media industries, effects and issues*. Belmont: Wadsworth.
Ngcai S 1997. Gangsters lure schoolgirls into sex trade, workshop told. *Cape Argus*, 29 March.
Ngobeni E 2001a. HIV-positive teacher allegedly rapes pupils, carries on teaching. *Mail & Guardian*, 4 October.
Ngobeni E 2001b. Family to sue over beating. *Mail & Guardian*, 5 April.
Ngobeni E 1999. School in "a place of war". *Mail & Guardian*, 14 October.
Ntabazalila E 2001. Teacher traumatised after attack at school. *Cape Times*.
Nxusani N 1998. Pupil's death sparks uproar. *Sowetan*, 17 July.
Ohlson J 2001. Voorbrug-inwoners kap bosse ná bendegevegte by skool. *Die Burger*, 2 Februarie.
Oosthuizen LM 1994. Crime news, the police and the press. Moving away from the official orthodoxy. *Communitas*, 1:79-89.
Oosthuizen TH 1982. Mediaduplisering: 'n teoretiese en empiriese ontleding van mediagebruik. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Bloemfontein: UOVS.
Pather S 2001a. Terror-war reports "forment violence". *Citizen*, 1 November.
Pather S 2001b. Schools to reclaim goods. *Citizen*, 14 September.
Peete F 1998. Initiation school owner faces abduction charges. *Pretoria News*, 16 July.
Pelser W 2000. Seun vermoor oor vaslopery. *Rapport*, 14 Mei.
Peters M 1999. Pupil dies in school stabbing. *Independent on Sunday*. 19 June.
Pieters M 1999. Kind uit skoolterrein ontvoer, gemolesteer. *Beeld*, 17 September.
Pillay K 2000. Schools-based crime prevention with specific reference to the prevention of drug abuse. *Acta Criminologica*, 13:72-79.
Rademeyer, 2001. Misdaadvlakke by skole rede tot groot kommer, sê Asmal. *Beeld*, 21 November.
Rantao J 1999. Are we on the road to Littleton? *Star*, 23 April.
Ross K 1999. Gang attacks school. *Daily News*, 6 April.
SAMedia February-March 2002. Available url: http://www.samedia.uovs.ac.za.
SAMedia October 2002. *Some publications currently used by SAMedia*. Available url: http://www.samedia.uovs.ac.za/Pubs.htm.
Sanders WB 1981. *Juvenile delinquency*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
*Saturday Star*, 29 March 1997. Armed men rob Kyalami nursery school.
Schronen J 2001. Arsonists cause R2M damage to school hall. *Cape Argus*, 15 February.
Sefara M 2002. Heat on sex pest. *Sowetan*, 14 February.
Seripe S 1997. Thugs exploit school rift. *The New Nation*, 24 January.
Singh R 2001. School takes steps against violence. *Leader*, 9 November.
Smith A 1997. Vandals trash Mitchell's Plain primary school. *Cape Argus*, 3 April.
Smith C 2002. NK hoë het glo seuntjies by Grey-kollege aangerand. *Volksblad*, 19 Februarie.
Smith C 2001a. Terror in places of learning. *The Teacher*, 30 April.
Smith C 2001b. Woedende leerlinge keer motor om. *Volksblad*, 14 Februarie.
Smith C 2001c. Skool verloor die stryd teen dagga en ander euwels. *Volksblad*, 7 Junie.
Smith C 2001d. Klag van aanranding teen onderwyser ondersoek oor houe. *Volksblad*, 2 Maart.
Smith C 1999a. Span polisie by inisiasieskole in, vra vrou. *Volksblad*, 3 November.
Smith C 1999b. Asmal: School rape a national crisis. *Mail & Guardian*, 15 October.
Smith C 1998. "Supermark-skool" se leerlinge woeker ondanks ontberings. *Volksblad*, 11 November.
Snyman CR 1999. *Strafreg*. 4de uitg. Durban: Butterworths.
Somniso V 2001. Pupils tried to kill schoolmate. *Sowetan*, 7 November.
South African Human Rights Commission (SAHRC) 1999. *Investigation into the media. Interm report*. Available url: http:/www.sacrc.org.za/braude_media_report.PDF.
South African Law Commission 1997. *Sexual offences against children*.

*Issue Paper 10. Project 108*. 31 May 1997:1-65. Available url: http://www.law.wits.ac.za.

*Sowetan*, 18 June 1999. Call for security at schools.

*Sowetan Sunday World*, 19 August 2001. Trigger-happy schoolkids a Joburg reality.

*Star*, 26 February 1997. Pupils riot after police free rape suspect.

Steek B 2000. Media institutions are credible, according to public. *Mail & Guardian*, 10 March.

Strelitz L & Steenveld L 1998. The fifth estate: media theory, watchdog of journalism. *Ecquid Novi*, 19:100-110.

Stevens G, Wyngaard G & Van Niekerk A 2001. The Safe Schools Model: an atidote to school violence. *Perspectives in Education*, 19:145-158.

Stuart B. 1999. School violence: Tshwete acts. *Citizen*, 4 September.

*Sunday Times*, 7 November 1999. Warning on school trips.

Swanepoel T 2000. Spieëlbeeld van samelewing. *Beeld*, 1 Junie.

Swanepoel T 1999. Sterk leidrade na verkragting. *Beeld*, 24 Junie.

Thambisa P 2001a. "Ek wil groot word sonder om verkragting te vrees." *Beeld*, 28 Maart.

Thambisa P 2001a. "Seuns moet geleer word om meisies as mense te beskou." *Beeld*, 28 Maart.

Tromp B 1998. School left at mercy of gangsters, say teachers. *Cape Argus*, 5 March.

Tsoudis O 2001. The portrayal of crime in the Cypriot media: an exploratory study. *Western Criminology Review*, 3. Available url: http://wcr.sonoma.edu/v3n1/ tsoudis.html.

Van den Aardweg EM 1987. Possible causes of school violence. *South African Journal of Education*, 7:223-230.

Van der Westhuizen G 1998. Twaalfjarige vas ná seun se mesdood by KZN-skool. *Beeld*, 5 Mei.

Van Dijk M 2001. School fights back against all the odds. *Cape Argus*, 25 October.

Van Niekerk S 2001. Rekenaaronnie dwing glo seun om orale seks te hê. *Beeld*, 7 November.

Van Niekerk S 1999. Seun (16) vir 22 jaar tronk toe weens verkragting. *Beeld*, 16 November.

Van Wyk M 1997a. Skoolhoof verkla ná voorval by skool. *Volksblad*, 5 November.

Van Wyk M 1997b. Leerling in hof ná hy glo vuurwapen op skoolhoof rig. *Rapport*, 23 Februarie.

Venter L 2002. Principal on beating charge. *Citizen*, 24 January.

Versluis J 1998. Skade van sowat R100 000 in brand by skool aangerig. *Volksblad*, 31 Julie.

*Volksblad*, 31 Oktober 2000. Redaksionele kommentaar: Saam kan ons.

*Volksblad*, 22 Januarie 1998. Skoolboeke van duisende rande in brand verwoes.

*Volksblad*, 29 April 1997. Brandstigting by Bfn-skool vermoed.

Wanta W & Mahmoud M 1991. Factors affecting media agenda-setting: an exploratory study. *Ecquid Novi*, 12:32-45.

Whitlock A 1998. Surprise turn in sex case. *Eastern Province Herald*, 17 March.

Wilson N 2001a. Coetzee on special leave as dept probes complaints. *Eastern Province Herald*, 4 September.

Wilson N 2001b. Exam papers stolen in Paterson. *Eastern Province Herald*, 7 November.

Wimmer RD & Dominick JR 1994. *Mass Media research*. Belmont: Wadsworths Publishing Company.

Young J 1999. The failure of criminology: the need for a radical realism. In: Muncie J, McLaughlin E & Langan M (eds). *Criminological Perspectives. A Reader*. London: SAGE Publications.